Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

Des 2017/
Jan 2018

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

www.gksa.org.za

- Tempus Fugit!
  Die tyd vlieg!
- Algemene Sinode 2018

"Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper!"

-Psalm 95:6

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Dr. J Lion-Cachet
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm (omslag buite agter)

Intekengeld word jaarliks aangepas. Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word. Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.

JAARGANG 119, NO. 3319 -
Desember 2017 / Januarie 2018

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

INHOUD

1 VAN DIE REDAKTEUR
Vreemde gedagtes oor die dood

4 UIT DIE WOORD
Die ware Kersbelewing ... om Jesus se heerlikheid te sien

6 REDAKSIONEEL
Karikature van Hervorming

8 BRANDPUNT
Kweek gesonde geloof in jou huis

FOKUS
10 Tempus fugit – die tyd vlieg
12 Geloftedag 2017: 'n besinning
14 Die Algemene Sinode 2018
16 Die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette

ANDER
18 Kyk, die losprys vir jou vryheid is reeds betaal, verstaan jy?
20 Reformasie in die kunste
22 Die boodskap van Refo 500
25 Prof. Dirk Postma – 200 jaar gelede

27 BRIEWE VAN ONS LESERS

28 Lief en Leed / Op die Kerkwerf
29 Personalia / Wel en Wee
30 Kleinadvertensies

Vreemde gedagtes oor die dood

Daar het heel onlangs ’n boek verskyn uit die pen van die filosoof van Stellenbosch, prof. Anton van Niekerk, met die titel: “Die dood en die sin van die lewe.”

Die boek het buitengewone publisiteit ontvang. In *Beeld* van 13 Oktober 2017 is ’n breedvoerige onderhoud met Van Niekerk gevoer deur Murray La Vita. Selfs op televisie, in die program *Kwêla*, was hy ’n spesiale gas.

En in *Beeld* van 23 Oktober 2017 is daar ’n resensie oor die boek deur dr. Andre Bartlett, met die opskrif: “Normaliteit van dood as deel van die lewe.”

Gedagtes oor die dood

Volgens Van Niekerk het hy die boek geskryf omdat ons bang is om openhartig oor die dood te praat. “Ons het so ongelooflik baie reggekry, maar die dood is die één ding wat ons nié onder ons beheer kan kry nie. Die dood is in die moderne wêreld die één konstante herinnering daaraan dat ons nog nie alles onder ons beheer het nie.”

Van Niekerk sien die dood as ’n misterie. En dan gebruik hy drie beelde vir die dood, naamlik die dood as horison waarbinne die lewe afspeel, die dood as eindpunt van die voltooide lewensreis, en die dood as slot van die lewensverhaal. Volgens die resensent (Bartlett) slaag Van Niekerk daarin om die “normaliteit” van die dood as deel van die lewe onder woorde te bring. “Van Niekerk doen met sy boek baanbrekerswerk om die noodsaaklike gesprek te bevorder oor hoe ons sin kan maak van die lewe wat deur die dood as horison omraam word.”

Dit is opmerklik dat daar in die denke van Van Niekerk feitlik niks oor God gesê word nie. En oor die kwessie van ’n lewe ná die dood is hy baie vaag. Waar hy wel nog na die Bybel verwys, is dit myns insiens gebrekkig en geheel-onvolledig. Kan ons die afleiding maak dat dit vir hom ten diepste oor die mens gaan, wat (nog nie) beheer oor die dood het nie, en nou ’n weg moet vind om met die dood saam te leef?

Kommentaar

Vanuit ’n Gereformeerd-Bybelse perspektief kan die volgende kommentaar gelewer word:

Dit is nie net jammer nie, eerder tragies, dat Van Niekerk, wat ook teologies geskool is, feitlik geensins na die Bybel verwys nie, om nie eers van die belydenisskrifte te praat nie. Trouens, hy het ernstige besware teen die belydenisskrifte.

In ’n ander omstrede boek uit sy pen, in 2005 (“Geloof sonder sekerhede”), stel hy dit baie duidelik: “Die tradisionele belydenisskrifte van die gevestigde kerke bevat myns insiens ’n hele aantal artikels wat nog kwalik ernstig opgeneem kan word deur moderne mense … ’n Mens kan maar net dink aan die Christelike kerk se skeppings- en sondeleer wat vandag ’n yslike verleentheid geword het. Dié verleentheid spruit voort

uit die onsinnige vashou aan 'n letterlike interpretasie van Genesis 1-3 …"

In dieselfde boek skryf hy oor die lewe ná die dood onder andere die volgende: "Die dood is nie belangrik as 'deurgang na die ewigheid' nie – wat dit ook al mag beteken (en indien dit iets beteken). Dit is eerder belangrik vanweë die betekenis wat dit skenk en die belang wat dit impliseer vir die oomblik van nou … Die dood is die mees eintlike en mees belangrike kenmerk van die lewe."

Wat leer die Skrif en wat bely ons?

As ons enigsins erns maak met die Bybel, en nie net oor die dood filosofeer (of selfs spekuleer) nie, dan sal ons weet dat die dood nie 'n normaliteit is nie. Inteendeel. Alles behalwe. Die dood moes nooit daar gewees het nie. Die dood is die laaste vyand wat vernietig word (1 Kor. 15:26). Die dood is die straf op die sonde (Gen. 3:2; Rom. 6:23).

Aan die een kant moet ons dus sê: Die mens, soos Van Niekerk die mens sien, die moderne mens met al sy kennis en wetenskap, sal nooit beheer oor die dood kry nie – want God, wat geskep het, wat lewe gee, is die enigste wat ook oor die dood beskik.

Aan die ander kant mag ons sê, en dit is die evangelie: Die MENS, Jesus Christus, het die dood oorwin. Hy het die prys vir die sonde betaal. Hy het opgestaan uit die dood. Daarom het Hy by die graf van Lasarus gesê: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?" (Joh. 11:25).

Ons (en net ons) wat in Christus as enigste Verlosser glo, kan dus lewe met die sekerheid: "Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal. Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel? Die angel van die dood is die sonde … Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus" (1 Kor. 15:55, 56).

Lees ook ons heerlike belydenis, onder andere die Heidelbergse Kategismus Vraag/Antwoord 42 en Sondag 17.

Sonder hierdie suiwer perspektief van die Bybel en ons belydenis hou die boek van Van Niekerk die wesenlike gevaar in om te verwar en te mislei. CFCC

Prof. Faan Denkema (emeritus)

Die ware Kersbelewing...

om Jesus se heerlikheid te sien

Lees: Johannes 1 *Teks: Johannes 1:14*

"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien ..."

By 'n fees hoort 'n lied. Rondom die geboorte van Jesus word baie gesing. Daar is 'n lofsang van Maria, 'n lofsang van Sagaria, die engelesang – en 'n lofsang van Johannes (Joh. 1-14). Hier is baie om te vier: die koms van ons Koning en Verlosser. In al die liedere word dit besing, telkens op 'n eie manier. En Johannes sou nie Johannes wees as hy in sy lofsang nie die diepste grondtone hieroor laat klink nie!

Johannes besing wat daar gebeur het, baie eenvoudig, baie helder: die Woord het mens geword. Ons het sy heerlikheid gesien. Dit gaan oor die ware Kersbelewing. Sal ons dit diep beleef? Geen uitbundigheid en nie net 'n familie-geselligheid nie, maar Kersfees wil net één ding: dat ons genade ervaar, Jesus sien en God eer en verheerlik!

Doodsangs

Dit sien ons by die skaapwagters by Betlehem: *"Die glans van die heerlikheid van die Here het rondom hulle verskyn"* (Luk. 2:9). Hierdie ervaring laat hulle baie groot skrik. Dieselfde gebeur met drie dissipels tydens Jesus se verheerliking op die berg (Matt. 17). Terwyl Hy daar bid, sien hulle: *"Sy voorkoms het voor hulle oë verander: sy gesig het begin straal soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig"* (Matt. 17:2). Ook hulle het baie bang geword en op die grond neergeval! Jesus het na hulle gekom, hulle aangeraak en gesê: *"Staan op en moenie bang wees nie."*

Dit is die heerlikheid van Jesus: dat jy, as jy na Hom kyk, sien dat Hy straal. Sy gesig straal, sy klere straal, sy hele wese straal, van binne-uit. En jy hoor die

hart van die Vader: *"Dit is my geliefde Seun oor Wie Ek My verheug"* (:5). Dit is só oorweldigend dat jy uit angs jou gesig verberg.

Die ware Kersbelewing is 'n gevoel van op die grond neerval, met jou hande jou gesig bedek, om dan, as jy in angs oorweldig word deur soveel lig en warmte, merk dat Iemand sy hand op jou skouer sit en sê: *"Moenie bang wees nie."*

Dit is die mees kenmerkende van wat die Bybel die heerlikheid van God (in Grieks: *doksa*) noem. Verskillende vertaalwoorde word gebruik: glorie, grootheid, mag, luister, aanwesigheid, majesteit, nabyheid. Opvallend dat enersyds dit die oorweldigende heiligheid is, so groots en indrukwekkend dat angs jou aangryp. Maar andersyds dat, vanuit die heiligheid, 'n hand op jou skouer gelê word en jy die nabyheid en genadige aanwesigheid van die Here ervaar.

Die ervaring van God se aanwesigheid en Jesus se heerlikheid het steeds opnuut die bevestiging en die toeligting van God se Woord nodig (2 Pet. 1:19).

Ons het sy heerlikheid gesien

In Jesus het God se heerlikheid verskyn:

- Die heerlikheid, dit is die Kindjie in die krip en tegelyk die Koning wie se koninkryk geen grense het nie.
- Die heerlikheid, dit is Jesus se offerbereidheid en nederigheid en tegelyk sy almag in hemel en op aarde.
- Die heerlikheid, dit is sy kruis en tegelyk sy opstanding.
- Die heerlikheid, dit is sy eindelose genade en tegelyk sy konfronterende waarheid.
- Die heerlikheid, dit is sy woord: *"Moenie langer bang wees nie"*, en tegelyk sy woord: *"Julle addergeslag, hoe sal julle ontkom aan die straf van die hel?"*
- Die heerlikheid, dit is die wit wolk en tegelyk die vlammende vuur.

Want die heerlikheid van God wat in Jesus verskyn het, gaan dwarsdeur die Bybel saam. Die wolk- en vuurkolom in die woestyn. Die wolk wat neerdaal en die tabernakel vul. Later gebeur dit ook met die inwyding van Salomo se tempel.

En as Esegiël 'n visioen kry, dan is dit God se heerlikheid wat hy sien. Hy vertel: *"Die glans was soos dié van die reënboog in 'n wolk na die reën. So het die verskyning van die heerlikheid van die Here gelyk. Toe ek dit sien, val ek plat en ek hoor 'n stem praat"* (1:28).

Die ware Kersbelewing is 'n Christuservaring wat nie so maklik grypbaar is nie. As ons stil word van verwondering by die Kindjie in die krip, dan hoort dit sekerlik by die glorie van God: die eenvoud, die nabyheid. Maar as dit al is wat ons belewe, dan mis ons die ware Kersgevoel.

Kan ons vandag sien wat Johannes en die dissipels gesien het? Kan ons ons naam skrywe by daardie "ons" (*"Ons het sy heerlikheid gesien"*) in Johannes 1:14? Ja, dit kan en dit moet! Só leer Paulus ons in 2 Korintiërs 3:18. Ons mag met 'n onbedekte gesig die heerlikheid van die Here aanskou!

Miskien wil jy vra: Is dit nie vaag en abstrak nie? Is dit nie iets vir later in die hemel nie? Nee, ons het hier te doen met die kern van die Christelike geloof. As ons werklik wil leer om Kersfees te vier … Nee, laat ek dit anders sê: As God self deur sy Heilige Gees besig is om in ons hart en lewe die ware Kersgevoel op te wek, dan doen Hy dit deur ons oë op Jesus te rig. Op sy vreugdevolle heiligheid en stralende heerlikheid, sodat ons gaan saamsing: Ons het sy heerlikheid gesien!

Om Jesus te sien en om Jesus te laat sien

Hierdie Jesus wil in ons woon en ons steeds meer omvorm tot die mens soos God ons bedoel het. Christen-wees beteken: dat Christus in ons gestalte kry. Sien jy dit in jou lewe? Dat jy 'n mens word wat meer gekenmerk word deur goedheid, trou, sagmoedigheid?

Kersfees: dit is om Jesus te sien en om Jesus te laat sien. Niks meer nie. Niks minder nie. Dit is die ware Kersbelewing. DK

Prof. Albert Coetsee (Teologiese Skool Potchefstroom)

Kweek gesonde geloof in jou huis

Gebrek aan Bybelkennis

Ons leef in 'n tyd waar daar 'n groot gebrek aan Bybelkennis is. In ag genome die gevaar van veralgemening, kom dit voor of mense nie meer die Bybel ken nie. Dit is asof God en die inhoud van die Bybel vir die wêreld al hoe vreemder word.

Mens tel dit op uit gesprekke met mense – spesifiek die manier hoe hulle verwys na God of die Bybel. By 'n onlangse geselligheid word ek gevra wat ek doen. Ek antwoord dat ek Ou Testament doseer, waarop die persoon vra: "Wat is dit?"

'n Paar dae later lees ek hoe iemand skryf dat hy nie omgee na watter kerk sy kind gaan nie, solank hy glo in *die* God. Dit val vreemd op die oor, nie waar nie? Die toppunt van verbasing was toe 'n voornemende student in 'n toelatingstoets op die vraag "Noem drie van Jesus se dissipels", antwoord: "Abraham, Jona en Simson."

Talle ander voorbeelde kan genoem word. Waarskynlik het jy ook 'n rits "lag met 'n traan"-ervaringe wat jy kan deel. Ons word op 'n gereelde basis onder die indruk gebring dat mense nie werklik meer die Bybel – en spesifiek die God van die Bybel – ken nie.

Faktore wat 'n invloed het

Uit verskillende oorde word die oorsaak toegeskryf aan die feit dat Bybelonderrig nie meer in die skole plaasvind nie. Mense binne en buite die kerk het vroeër jare op skool iets van die Bybel geleer – of hulle nou wou of nie. Sonder twyfel het die afwesigheid van Bybelonderrig in skole 'n impak op die Bybelkennis van mense vandag. Maar daar is verskeie ander faktore wat 'n invloed het. Om maar net twee te noem:

• *Gebrekkige huisgodsdiens:* Die grootste bydraende faktor tot gebrekkige Bybelkennis is

gebrekkige huisgodsdiens. Studie na studie wys dat ouers die grootste rol speel in die geloofsvorming van kinders.

Maar hoe gereeld lees en bid ouers en kinders nog saam? Hoe gereeld doen pa of ma moeite om met kinders oor die geloof te praat? Die onlangse Multi-Kerklike Navorsingsprojek (2015) het gevind dat slegs 41% van aktiewe jong gelowiges se gesinne gereeld huisgodsdiens hou. Onwillekeurig wonder mens hoe drasties die statistiek daal as dit kom by onaktiewe gelowiges.

• *Ons Google-samelewing:* Deesdae is dit onnodig om dinge te onthou. Al wat jy hoef te weet, is waar om te soek. En waar vind jy inligting op die punte van jou vingers? Die internet. Jy "Google" iets eenvoudig. Sommige jongmense redeneer waarskynlik dieselfde as dit kom by die noodsaaklikheid van 'n goeie Bybelkennis. "Dit is nie nodig om allerhande Bybelfeite te ken nie, want ek kan dit eenvoudig en vinnig Google."

Dit laat mens wonder: Kan ons vir ander verduidelik hoekom dit belangrik is om 'n goeie Bybelkennis te hê? Kan ons dit motiveer?

Geloof gaan nie net oor kennis nie

Verstaan mooi: Ons word nie gered deur Bybelfeite te ken nie. Geloof gaan nie maar net oor kennis nie. Dit is moontlik dat ons soms hierdie verkeerde indruk skep. Maar geloof gaan *ook* oor kennis. Geloof is tegelykertyd *kennis* van alles wat God in sy Woord openbaar, en *vertroue* dat Hy dit wat Hy in sy Woord openbaar – spesifiek verlossing deur Christus – ook aan my skenk (HK Sondag 7).

Kennis is 'n integrale deel van ons geloof. Ons moet God ken soos Hy Homself in sy Woord openbaar. Ons moet weet en verstaan hoe Hy Homself in en deur mense met hulle unieke omstandighede dwarsdeur die Bybel openbaar. Ons moet daarom weet van Noag en Abraham en Moses en Paulus – maar ook van Jehu en Amos en Barnabas. Ons moet weet van Sinaï en Jerusalem – maar ook van Berseba en Kreta.

God het besluit om Homself met verloop van tyd aan en deur mense te openbaar, en daarom is Bybelkennis noodsaaklik. Hoe meer ek die gebeure en plekke in die Bybel ken en verstaan, hoe beter sal ek begryp wie God is, wat Hy doen en waarheen Hy met sy skepping op pad is.

Wat kan ons doen?

Hoe draai ons die skip om? Wat kan ons doen om die stand van Bybelkennis by mense te verbeter? Begin by jouself en jou gesin:

• *Jouself:* Maak seker jy groei self in jou Bybelkennis. Dit is goed om gereeld dag- en weekbeplanning te doen en jou prioriteite te herevalueer. Spandeer meer tyd soos Maria by die voete van die Here Jesus (Luk. 10:38-42).

• *Jou gesin:* Indien jy 'n ouer is, besef opnuut jou groot verantwoordelikheid om jou kinders van die Here te leer. Dit is nie altyd maklik nie. Om byvoorbeeld drie voorskoolse seuntjies te kry om stil te sit terwyl jy uit die Bybel lees en dit verduidelik, is geen geringe taak nie.

Boonop is dit 'n uitdaging om die Bybel verteerbaar vir kinders te vertolk sonder om bloot in morele lessies te verval. Meer nog, 'n moeisame dag by die werk kan mens laat verslap in toegewyde huisgodsdiens.

Maar ons moet as ouers weer opnuut besef watter groot verantwoordelikheid ons het. Die Here roep ons om ons kinders van Hom te leer (Deut. 6:6-9; Ps. 78:3-8; 2 Tim. 1:5). Dit moet ons nóú doen, nie later nie.

Dink maar net vir 'n oomblik: Hoe oud is jou kinders oor tien jaar? Kan jy bekostig om uit te stel? Nou is die tyd om hulle van die Here en sy Woord te leer.

Mag ons in die nuwe jaar wat voorlê doelbewus streef na beter Bybelkennis by onsself, ons gesinne en ons naaste. En mag dit dien tot groter toewyding aan die God van die Bybel, aan Wie die heerlikheid behoort tot in alle ewigheid. DK

JG (Hannes) Noëth (Direkteur Solidariteit Helpende Hand: Gemeenskapsontwikkeling)

Geloftedag 2017: 'n besinning

Wanneer Geloftedag op 16 Desember 2017 aanbreek, bevind ons ons in Suid-Afrika in onstuimige waters. Skaars 'n maand en 'n half gelede is "swart Maandag" regoor die land gehou in simboliese protes teen plaasmoorde in Suid-Afrika. Die politiek is deurmekaar, die ekonomie en misdaadsituasie laat ons sug. Ons het baie hoop, baie geloof en baie moontlikhede en vooruitsigte in Suid-Afrika, maar ons het ook heelwat dinge waaroor ons net sug.

Juis in al hierdie dinge kan die korrekte beskouing van Geloftedag 'n baie prominente rol speel. Die Slag van Bloedrivier is met rede al genoem die bekendste militêre veldslag in Suid-Afrika. Daar is verskillende perspektiewe oor die fynere detail wat daardie dag gebeur het. Oor die breë lyne is daar baie duidelikheid en feitlikheid:

> Vanaf 9 Desember 1838 is die Gelofte afgelê onder leiding van Sarel Cilliers en genl. Andries Pretorius. Die 464 manne en kommandante van die Wenkommando was bymekaar om vrede en veiligheid te kom verseker – 'n oorlog was onafwendbaar. Die oormag teen hulle sou oorweldigend wees. Die marteldood van Retief en andere moes gewreek word. Dit het sleg gegaan met die Trekkers. Getrou aan wie hulle was en wat die gebruik was, was daar elke dag godsdiensoefeninge. Die manskappe van die Wenkommando was van die begin af seker dat hulle hulp van die Almagtige God sou moes ontvang – daar was geen ander hoop op 'n voortbestaan nie. Alleen God kon uitkoms bied.
>
> Die Gelofte is by Danskraal afgelê – nie ligtelik nie, nie onnadenkend nie, nie impulsief nie. Ná prediking uit Rigters 16 is dit werklik met erns bejeën, afgelê en herhaal tot 15 Desember 1838.

Wat is vir ons duidelik oor die Gelofte wat afgelê is?

- Die Gelofte het saamgehang met 'n dringende roep na God in 'n tyd van angs en nood.
- Die veldslag het aangrypende veranderinge gebring vir die geskiedenis en die toekoms van Suid-Afrika.
- Daarom is dit sinvol om in 'n artikel soos hierdie vir 'n slag dalk nie stil te staan by die inhoud van die dag en die gebeure daaromheen nie, maar by wat die Slag van Bloedrivier en die Gelofte nie was nie en wat dit wel was.

Die hoofsaak

Die Woord van die Here leer ons tog duidelik om sekere dinge nie te vergeet nie (o.a. Pss. 81, 105; 1 Kor. 10). Inteendeel, ons moet sy hand in die geskiedenis ook aan ons kinders leer (Ps. 78). Ons moet egter ook nie ons kinders verkeerd leer nie. Die hoofsaak moet die hoofsaak bly. Ook in ons onthou van Bloedrivier en die herdenking van die Gelofte moet ons reg onthou. Die hoofsaak handel oor die almag van God en sy hand in die geskiedenis, sy bewaring en sy voorsienigheid. Om te besin oor Geloftedag is 'n sensitiewe, dog belangrike saak. Hoe onthou ons dus 16 Desember 1838?

Die Slag van Bloedrivier en die Gelofte:

- is nie polities nie;
- gaan nie oor wen of verloor nie;
- is nie 'n vashou aan 'n ou tyd nie;
- gaan nie oor wat groot manne uit eie krag bereik het nie;
- gaan nie oor die opweeg van getalle of wapentoerusting (geweer of assegaai nie);
- is nie net 'n volksamekoms nie;
- is nie 'n oorwinning vir "Blanke Christelike beskawing" nie;
- is nie 'n oorwinning van 'n wit minderheid oor 'n swart meerderheid nie;
- is nie 'n geleentheid om te waarsku teen die "swart gevaar" nie;
- het nie oornag in Suid-Afrika Christelikheid gevestig nie;
- is nie 'n geleentheid om oor aanstoot te neem nie – ag, hoe gou neem mense tog aanstoot oor die viering van Geloftedag!

Die Slag van Bloedrivier en die Gelofte is wel:

Bo alles gaan die onthou van die Slag van Bloedrivier en die herdenking van Geloftedag oor die ontsag wat daar vir God moet wees – vir sy voorsienigheid (HK So. 10), die verlede, hede en toekoms. Hy beskik in sy almag. Hy regeer. Soos Hy wil.

En ons is afhanklik van Hom. Niks anders as wat die Trekkers in 1838 was nie. 'n Totale, volle afhanklikheid van Hom wat self beskik oor nasies, volke, wat self sy wil laat geskied en sy verbond bewaar. Daarom bring Geloftedag ons vandag, ja steeds, by geloofstrou en verbondstrou. By onthou, maar ook by hoop en berusting. Sy koninkryk is nie in die hande van mense nie. Juis daarom bring Geloftedag ons voor die feit dat ons afhanklik, geroepe voor Hom kan staan. Hy het op 16 Desember 1838 uitkoms beskik toe daar nie uitkoms was nie, toe daar eintlik net geloofshoop oor was. Tog het Hy bewaar en gered.

Die Slag van Bloedrivier is dus 'n Godgegewe geleentheid waarin ons die verhoring van gebede so duidelik kan sien en daarop kan bou. Dit is 'n dag op God gerig. 'n Dag waarop die dank aan Hom gebring word. Vir Wie Hy is, vir wat Hy doen.

'n Laaste woord

Die aflê van 'n Gelofte is nie 'n ligtelike saak nie (Pred. 5:1). Dit is nie ligtelik gedoen in 1838 nie. Ons mag ook nie ligtelik omgaan in die onthou daarvan nie. Vandag pluk ons steeds die vrugte van die worstelstryd hier by Bloedrivier op 16 Desember 1838.

In woelige tye soos ons tans in die land belewe, bied Geloftedag besondere troos en krag. Die Gelofte is eintlik eenvoudig: 'n belydenis van hoop in 'n hopelose situasie, 'n gebed om in God te oorwin, al lyk dit onmoontlik. Die aksent moet val op die koninkryk, nie op die mens nie. In die viering van Geloftedag kan 'n koninkryksperspektief ontbreek. Hy het daardie dag die Bybel in die wa-kis bewaar. En ons staan steeds dankbaar voor Hom.

Wanneer ons hierdie jaar Geloftedag ingaan, is die landsomstandighede nie oorheersend positief nie. Daar is selfs 'n swaar gemoed onder baie van ons lesers. Daar is baie wat teleurstellings beleef. In hierdie omstandighede moet die onthou van die Slag van Bloedrivier en die herdenking van Geloftedag vir ons 'n vanselfsprekendheid wees. Die onthou van God se hand op 'n bepaalde tyd in die geskiedenis – Hy regeer altyd. Ook vandag. DK